**HILLCREST HIGH SCHOOL**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**NOVEMBER 2020**

**EKSAMEN**

**GRAAD 11**

**PUNTE : 80**

**TYD: 2 UUR**

Hierdie vraestel bestaan uit **13** bladsye

**INSTRUKSIES EN INLIGTING.**

1. **Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.**

   | | |
   |---|---|
   | **Afdeling A : Leesbegrip** | **(30)** |
   | **Afdeling B : Opsomming** | **(10)** |
   | **Afdeling C : Taal** | **(40)** |

2. **Lees die instruksies baie goed.**

3. **Beantwoord AL die vrae**

4. **Begin elke afdeling op ’n skoon bladsy.**

5. **Skryf jou onderwyseres se naam op die dekblad.**

6. **Me. Jordaan, Middleton, Meiring, Gilbert, Haluman en Ramdhani**

7. **Nommer die antwoorde korrek volgens die nommers wat in hierdie vraestel gebruik is.**

8. **Spelling en sinskonstruksie is belangrik.**

9. **Skryf netjies en leesbaar.**

**Afdeling A: Leesbegrip (Teks A en teks B)**

**Vraag 1: Koerantartikel**

Lees die leesstuk hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS A**

**JONG ATLEET WAT MOEË MEDEDINGER HELP, GRYP HARTE AAN**

Volksblad. 12 Sep 2017, Ruan Bruwer.



1 ’n Jong atleet wat aan die Suid-Afrikaanse landloopkampioenskappe deelgeneem het, het ’n ander seun, wat in pyn was as gevolg van moegheid en dehidrasie, tot by die eindpunt gehelp. Dit het sosiale media aan die praat gehad met mense wat dit prys as ’n baie goeie voorbeeld van nasiebou.

2 Die 17-jarige Ronen Oosthuizen van Rustenburg het Saterdag in Potchefstroom groot lof vir sy simpatieke daad gekry. Hy het vir die Protea-atletiekklub in Rustenburg deelgeneem.

3 Volgens sy pa, Marius, het Ronen in die pylvak van die 6 km-wedloop vir seuns o.17 aangehardloop gekom toe Mpho Mitchell van Noord-Gauteng voor hom inmekaarsak weens ontwatering en moeë bene. Mitchell is o.16. Hulle en die o.17’s het in dieselfde wedloop gehardloop. “Ronen het eers verbygehardloop, maar toe gestop, omgedraai en die atleet opgehelp en vir die sowat 150 m tot by die eindpunt aangehelp. Volgens hom was dit baie warm en moeilike toestande om in te hardloop. “Ronen het self nie ’n goeie wedloop gehad nie en was ook fisiek moeg.”

4 “Dis die tipe kind wat hy nog altyd was. Saterdag was ’n goeie voorbeeld daarvan. Hy sal eerder iemand in nood help as om hom te wil klop. Die sportmangees was net ongelooflik mooi,” het Marius gesê. “Hy het ’n groot hart!”

5 Ronen is ’n goeie atleet wat vanjaar ’n silwermedalje in die 1 500 m op die nasionale skolekampioenskap behaal het. Hy kry die talent moontlik by sy ouers aangesien albei sy ouers ook atlete was met sy ma, Adéle, wat die Comrades vyf keer voltooi het. Hy is ’n gr. 11-leerling aan die Bergsig Akademie in Rustenburg en is volgende jaar onderhoofseun.

6 “Mense reageer geweldig op Facebook. Die Facebook-inskrywing het in die eerste 20 uur nadat Smith dit gedeel het, meer as 1 800 kommentare ontvang en is meer as 8 900 keer gedeel. Dis seker maar omdat dit ’n swart en wit seun is wat een word. Ronen sê hy het dit nie gedoen om erkenning te kry nie. “Ek wou bloot net iets goeds vir iemand probeer doen. As ek kon help het vir nasiebou, is dit wonderlik. Toe ek sien hy gaan nie vanself opstaan nie, móés ek hom net gaan ophelp en tot by die eindpunt ondersteun. Dit sou net nie reg gewees het om hom daar te los nie. Hy moes ook hard gewerk het om vir die SA’s (Suid-Afrikaanse kampioenskappe) te kwalifiseer.”

7 Volgens Ronen is Mpho by die eindpunt deur paramedici behandel en het hulle nie met mekaar gepraat nie. “Ek wonder hoe dit nou met hom gaan. Behalwe vir die hitte was dit

’n moeilike baan.” André Gobey, voorsitter van landloop in Noord-Gauteng het gesê dat dit nou goed gaan met Mpho. Hy het gesê ’n paar ander atlete het ook by die eindpunt ineengesak.

8 Allan Smith, die nasionale verkoopsbestuurder by Asics Suid-Afrika wat die foto’s op Facebook gedeel het, het gesê hy wil die twee seuns graag byeen probeer kry. “Dit was so ’n mooi gebaar: ’n Seun, wat vir ’n plek hardloop, maar ’n ander een van ’n ander provinsie wat hy nie eens ken nie, ophelp en tot die eindpunt ondersteun. Ek wil hulle graag bymekaar probeer kry vir ’n wedloop waarin ek hulle met iets wil verras,” het Smith gesê.

[Aangepas uit Volksblad, 12 September 2017]

**LET WEL:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1 Wie is die ‘moeë mededinger’ in die opskrif? (1)

1.2 Wat was die oorsaak van die jong atleet se pyn?
Haal DRIE agtereenvolgende woorde uit paragraaf 1 aan as jou antwoord. (1)

1.3 Aan watter sportbyeenkoms het die seuns deelgeneem? (1)

1.4 Watter koerant (gee die naam) het hierdie artikel gedruk? (1)

1.5 Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Skryf slegs die korrekte vraagnommer en jou keuse as antwoord neer.

Die landloopbyeenkoms is in (Rustenburg/Potchefstroom) gehou.
(paragraaf 2) (1)

1.6 In watter ouderdomsgroep het Ronan deelgeneem? (1)

1.7 Daar kom twee woorde in die leesstuk voor wat dieselfde beteken as: `jy het baie water uit jou liggaam verloor.`
Skryf EEN van die twee woorde as jou antwoord neer.
(1)

1.8 Haal ʼn sin uit paragraaf 3 aan om die volgende stelling ONWAAR te maak.

Ronen het nog steeds goed geëindig en was perdfris. (1)

1.9 Gee EEN rede waarom Mpho inmekaargesak het. (1)

1.10 Haal EEN woord uit paragraaf 4 aan wat vir ons sê dat Ronen ‘n goeie sportman is. (1)

1.11 Kies die korrekte antwoord en skryf dan die vraagnommer en die letter neer.

Hy het ŉ groot hart, paragraaf 4, beteken ...

A sy hart is vergroot van die baie hardloop.
B hy het ŉ goeie hart.
C sy hart is gesond, want hy is fiks.
D hy praat baie oor alles wat in sy hart is. (1)

1.12 Pas die inligting in **Kolom B** by die woorde in **Kolom A**. Skryf net die nommer en letter neer as antwoord.

| | **KOLOM A** | | **KOLOM B** |
|---|---|---|---|
| 1.12.1 | Goue medalje | A | Vierde plek |
| 1.12.2 | Silwer medalje | B | Derde plek |
| 1.12.3 | Brons medalje | C | Tweede plek |
| | | D | Eerste plek |

(3)

1.13 Ronen sê hy het nie vir Mpho gehelp om erkenning te kry nie. Op watter manier het hy tog baie erkenning gekry? (1)

1.14 In watter jaar was Ronen onderhoofseun van sy skool? (1)

1.15 Gee TWEE redes uit paragraaf 7 hoekom die seuns baie moeg na die wedloop kon gewees het. (2)

1.16 Hoekom kon Mpho na die wedloop nie met Ronen gesels nie? (1)

1.17 Wie was die voorsitter van die provinsie vir wie Mpho as atleet verteenwoordig het? (1)

1.18 Wie het die foto's op FaceBook gedeel? (1)

1.19 Kies die KORREKTE woorde uit die lys hieronder om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (1.20.1–1.20.2) en die antwoord neer.

| |
|---|
| tydskrifartikel; provinsiale atlete; koerantberig; klubatlete |


Die 1.20.1 ... gaan oor twee 1.20.2 ... wat bekendheid na ŉ landloopkompetisie verwerf het. (2)

1.20 Watter les kan elkeen by Ronan leer? (1)

**(24)**

**Kyk goed na die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat volg**.

**TEKS B**




[Bron: https://www.grafika24.com/page/2/. Toegang op 23 Mei verkry.]

1.21. Kyk na die opskrif van die grafiek.

As 2019 "nou" is, watter jaar was "toeka" ? (1)

1.22. Hoeveel vervoermiddels het kinders vroeër gebruik om skool toe te gaan? (1)

1.23. Watter nuwe vervoermiddel het in 2019 ontstaan? (1)

1.24. Wanneer het meer kinders skool toe gestap of per fiets gery? (1)

1.25. Hoekom, dink jy, stap leerders minder skool toe? (1)

1.27. Wat is die bron van hierdie grafiek? (1)

(6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**Afdeling B: Opsomming (Teks C)**

**Vraag 2**

**INSTRUKSIES**

1. Som die artikel in 7 hoofgedagtes op.
2. Skryf die hoofpunte PUNTSGEWYS neer.
3. Nommer die punte van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**Teks C**

**Die voordele en nadele van digitale tegnologie in die klaskamer**

Rekenaars en mobiele toestelle laat die leerders toe om by die huis aan te gaan met hulle studies. Die leerproses hoef dus nie eers die volgende periode aan te gaan nie.

Nuwe tegnologie maak dit moontlik vir individuele leerders om teen hulle eie spoed te leer. As kinders agter raak, kan hulle by die huis inhaal.

Nog ŉ voordeel is dat inligting op so ŉ verskeidenheid maniere, byvoorbeeld, visuele, mondelings, in verskillende kleure, ensovoorts aangebied kan word, dat enige tipe leerder die werk sal kan verstaan.

Die internet en ander vorms van tegnologie gee vir die leerders ŉ rykdom van kennis. Leerders en onderwysers kan so maklik en gou hope inligting verkry.

Daar is mense wat sê dat moderne kinders nie basiese kennis en leestegnieke aanleer nie, en dat dit ŉ negatiewe impak op hulle lewens het.

Baie van die nuwe tegnologie is ontwerp vir onafhanklike werk, daar is dus bekommernisse dat kinders minder sosialiseer.

Deskundiges sê ook dat leerlinge van die laer-inkomste gesinne sal sukkel om by te bly as gevolg van die duur tegnologie.

**TOTAAL AFDELING B: (10)**

**Afdeling C: TAAL**

**Vraag 3**

Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande advertensie gebaseer

**TEKS D: Advertensie**




3.1. *Kom kuier op die Hoezit! – webwerf!*

Hoe word hierdie stelling in die advertensie beklemtoon? (1)

3.2. Wie is die teikenmark van die advertensie? (1)

3.3. Hoekom word die slengwoorde *cool / Coolste,* in die advertensie gebruik? (1)

3.4. Hoekom word die woorde, *kom kuier,* twee maal herhaal? (1)

3.5. Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Wanner jy "*Oppiebol*" is, is jy (stadig en lui / hardwerkend en vol kennis) (1)

3.6. Verander die volgende stelsin na 'n vraagsin.

Die webwerf is 'n veilige omgewing vir jong voortieners. (1)

3.7. Gee die VERGROTENDE TRAP VAN VERGELYKING van die woord tussen hakies.

Daar is (opwindende) dinge op die webwerf as in boeke. (1)

3.8. Gee die VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies.

Die kortste afdeling is vir (slimkop). (1)

3.9. Skryf die volgende sin oor in die VERLEDE TYD,

Daar is opwindende dinge op www.hoezit.co.za (1)

3.10 Skryf die volgende sin oor in die TOEKOMENDE TYD.

Voortieners kuier op die webwerf. (1)


(10)

---

**Vraag 4**

Lees en bestudeer die strokiesprent hieronder en beantwoord die taalvrae wat daarop gebaseer is.

**TEKS E: Stokiesprent**



[Uit meester.yolasite.com]

4.1. Skryf die volgende sin oor in die ONTKENNING.

Neelsie het wakkergeskrik. (1)

4.2. Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.

Meneer vra vir Neelsie: “Is jy doof?” (1)

4.3. Kies die regte antwoord en skryf dit neer.

Neelsie luister nie in die klas nie. Wanneer Meneer sê dat Neelsie sit en slaap, bedoel Meneer 'slaap' <u>denotatief</u> of <u>konnatatief</u>? (1)

4.4. Hoe kan ons in RAAMPIE 2 aan Meneer se gesigsuitdrukking sien dat hy baie kwaad is? (1)

4.5. Gee die INTENSIEWE VORM van die onderstreepte woord.

Neelsie het so groot geskrik toe Meneer op hom skree, hy was <u>baie bleek.</u> (1)

4.6. Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (4.6.) en die korrekte antwoord neer.

Neelsie, wat met sy hande in sy broeksakke sit (RAAMPIE 3), wys dat hy (hartseer is oor wat Meneer sê / nie belangstel in wat Meneer sê nie.) (1)

4.7. Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (4.7.) en die letter (A - D) neer.

As Neelsie sê: **"Ja Meneer, ek is nou."** (Raampie 3) is hy...

A vrolik.
B sarkasties.
C onvriendelik.
D hartseer. (1)

4.8. Beantwoord die volgende vraag in die ONTKENNENDE VORM.

Slaap Neelsie nog? Begin met: Nee,... (1)

4.9. Skryf die AFKORTING wat in die onderstaande sin voorkom, VOLUIT.

Neelsie gaan nie **a.s.** jaar slaag nie. (1)

4.10. Voltooi die VERGELYKING in die onderstaande sin. Skryf net die woord neer.

Neelsie is **so skraal soos 'n** ... (1)

(10)

**BLAAI OM**

**Vraag 5:**
Lees die teks hieronder en beantwoord die taalvrae wat daarop gebaseer is.

**TEKS E: Leesteks**

1. **Kom kuier saam met Maroela: Piekniek, musiek en fliek onder die sterre**
   **21 September 2020**
   **(https://maroelamedia.co.za/2020/09/21)**

2. In 'n jaar waar die wereld op sy kop omgekeer is, smag ons almal net na 'n stukkie normaal.

3. Hier is (goed) nuus! Maroela Media nooi jou na ons fliekpiekniek:
   Kom sprei jou kombers, geniet die heerlikste happies en kyk twee van die mooiste Afrikaanse flieks saam met ons. Daar is ook 'n veilige speelplek vir kinders.

4. Bespreek dus sommer nou al jou piekniekplek by Monte De Dios (http://www.montededios.co.za) in Pretoria vir Maroela se fliekpiekniek op 3 Oktober 2020. Kom geniet Ligte musiek en vermaak vanaf 15:00. Die eerste fliek, Dominee Tienie, word om 17:00 vertoon.
   Katinka Heyns se immergewilde Die storie van Klara Viljee is om 19:00 te sien.



5. Monte De Dios se restaurant, Cara Bella, gaan seker maak dat niemand honger ly. Op hul spyskaart is burgers, boereworsrolle, skyfies, melkskommels en nog vele meer.
   Die lekkerste wyn en jenewer word ook te koop aangebied.

6. **"Bring Oupa, Ouma, die kinders, familie en vriende – dis tyd dat ons weer rinkink."**

7. Kaartjies kos slegs R100 per persoon, R80 vir kinders jonger as 12. Kinders onder 3 is gratis. Jou kaartjie koop jou sitplek in die amfiteater waar daar musiek en twee flieks vertoon sal word.

8. **Die program:**

   14:00 Hekke maak oop
   15:00 Musiek deur Jemma en Kirsten
   15:45 Musiek en vermaak deur Klopjag
   17:00 Dominee Tienie
   19:00 Die storie van Klara Viljee (10-12PG)
   21:00 Verdaag

9. Dit is tyd om weer 'n lekker dag uit saam met familie en vriende te spandeer in 'n Feestelike Afrikaanse omgewing. Koop jou sitplek nou!

- **Let wel:** Daar sal ten alle tye voldoen word aan Covid-19-regulasies.

**Bron:www.maroelamedia.co.za**

5.1. Verbeter die opsetlike SPELFOUT wat in die tweede paragraaf voorkom. Skryf net die vraagnommer en die woord neer. (1)

5.2.1. Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die woord neer.

Hier is (goed) nuus! (1)

5.2.2. Noem die leesteken wat in die sin hierbo voorkom. (1)

5.3. Verbeter die opsetlike TAALFOUT wat in die sin hieronder voorkom.

Skryf die sin volledig neer.

Monte De Dios se restaurant, Cara Bella, gaan seker maak dat niemand honger ly. (1)

5.4. Skryf die volgende sin in die LYDENDE VORM oor.

Die fliekgangers sal hulle komberse bring. (1)

5.5. Verbind die sinne hieronder met die VOEGWOORD tussen hakies.

Mense is siek en sat vir by die huis sit. Hulle soek na ‘n bietjie normaal. (daarom) (1)

5.6. Skryf die volgende sin oor in die INFINITIEF.

Almal moet die Covid-19 regulasies volg.

Begin so: Almal behoort... (1)

5.7. STEL DIE VRAAG in die volgende sin, sodat die onderstreepte deel die antwoord vorm.

Die Maroela fliekpiekniek vind <u>op 3 Oktober 2020</u> plaas. (1)

5.8. Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Daar is baie (boom) in die tuin van Cara Bella Restaurant. (1)

5.9. Lees die onderstaande sin.

Baie Suid-Afrikaners <u>ly</u> tydens die Covid-19 inperking.

Skryf ‘n sin van jou eie, waarin jy die HOMOFOON van die onderstreepte woord duidelik maak. (1)

5.10. Voltooi die onderstaande sin deur die weggelate VOORSETSEL in te vul.

Skryf net die vraagnommer en die woord neer.
Die meeste mense is lief ____ fliek en piekniek hou. (1)

5.11. Hoe laat maak die hekke vir hierdie bymekaarkoms oop?

Skryf die tyd voluit neer. (1)

5.12. Kies die korrekte BETREKLIKE VOORNAAMWOORD uit dié tussen hakies om die sin hieronder te voltooi.

Skryf net die vraagnommer en die korrekte antwoord neer.

Die kaartjie (vir wat/waarvoor) jy R100 betaal het, is 'n winskopie. (1)

5.13. Skryf die sin hieronder oor, vul die LEESTEKENS in.

musiek word deur jemma kirsten klopjag verskaf (1)

5.14. Vul die korrekte PERSOONLIKE VOORNAAMWOORD in om die volgende sin te voltooi.

My oupa het _____masker gedra. (1)

5.15. Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die woord neer.

Die (mens wat ons kos en koeldrank bedien het) by Cara Bella was goed. (1)

5.16. Skryf die volgende sin in die korrekte WOORDORDE neer.

Ons, by Cara Bella, geëet, verlede Saterdag, het, boereworsrolle. (1)

5.17. Gee 'n SINONIEM vir die onderstreepte woord. Skryf net die vraagnommer en die woord neer.

Kinders onder 3 is <u>gratis</u>. (1)

5.18. Skryf die volgende sin oor in die DIREKTE REDE.

My pa sê dat hy die fliekpiekniek geniet. (1)

5.19. Gee 'n ANTONIEM vir die onderstreepte woord. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Dit is nou die <u>begin</u> van die eksamen. (1)

(20)

TOTAAL AFDELING C: 40

**GROOTTOTAAL: 80**